basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V3

FEBRUARIE/MAART 2011

PUNTE: 100

TYD: 2½ uur

Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye.

Kopiereg voorbehou

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings.

AFDELING A:	Opstel	(50)
AFDELING B:	Langer transaksionele teks	(30)
AFDELING C:	Korter teks: Naslaan-, informatiewe en transaksionele tekste	(20)

2. Beantwoord EEN vraag uit elke afdeling.

3. Skryf in die taal wat geassesseer word.

4. Begin elke afdeling op 'n nuwe bladsy.

5. Jy moet jou skryfstukke beplan, redigeer en proeflees. Gebruik byvoorbeeld 'n kopkaart of 'n vloeidiagram of sleutelwoorde, ensovoorts. Doen die beplanning VOORDAT jy die finale produk vir elkeen van die afdelings skryf.

6. Alle beplanning moet duidelik aangedui word. Trek 'n streep deur die beplanning nadat jy die finale produk geskryf het.

7. Beplan jou tyd só:

   Afdeling A: 80 minute
   Afdeling B: 40 minute
   Afdeling C: 30 minute

8. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

9. Skryf die titel/opskrif van elke teks bo-aan jou skryfstuk neer.

10. LET WEL: Die titel word nie in aanmerking geneem as die woorde getel word nie.

11. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A: OPSTEL

VRAAG 1

Kies EEN vraag en skryf 250 – 300 woorde oor die onderwerp.
Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, bo-aan.

1.1

[Uit: *Image Library*]

Skryf 'n opstel waarin jou **skoolsak vertel** van julle hoërskooldae saam. **[50]**

OF

1.2 **DIS BELANGRIK OM DIE NATUUR TE BEWAAR**

[Uit: Image Library]

Skryf 'n opstel waarin jy sê waarom jy glo dat ons die natuur moet **bewaar.**

Dink aan:

- Wat die natuur vir ons beteken
- Wat sal gebeur as ons nie vir die natuur sorg nie
- Wat ons kan doen om die natuur te bewaar **[50]**

OF

1.3

Ek en my musiek.

[Uit: *Image Library*]

Skryf 'n opstel waarin jy beskryf hoe belangrik musiek vir jou is.

Dink aan:

- Die musiek waarvan jy hou
- Redes hoekom dié musiek vir jou belangrik is
- Die gevoel wat jy ervaar as jy na dié musiek luister **[50]**

OF

1.4

Geen vuurwapens in Suid-Afrika nie!



[Uit: *Image Library*]

Misdaad in Suid-Afrika kan minder word as mense geen vuurwapens besit nie.

Skryf 'n opstel waarin jy hierdie stelling bespreek.

Dink aan:

- Onwettige vuurwapens
- Vuurwapens sonder lisensies
- Die ingee van vuurwapens by die Polisie
- Selfverdediging
- Ongelukke met vuurwapens
- Gesinsmoorde met vuurwapens
- 'n Veiliger Suid-Afrika **[50]**

OF

1.5

As die lewe vir jou soos suurlemoene is ....

[Uit: *Image Library*]

Skryf 'n opstel waarin jy vertel hoe jy negatiewe dinge in jou lewe in positiewe dinge kan verander. **[50]**

OF

1.6 Kies EEN van die volgende visuele tekste en skryf 'n opstel daaroor. Gee vir jou skryfstuk 'n titel.

1.6.1

[Uit: *Image Library*] **[50]**

OF

1.6.2

[Uit: *Image Library*] **[50]**

OF

1.6.3

[Uit: *Image Library*] **[50]**

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B: LANGER TRANSAKSIONELE TEKS

VRAAG 2

Kies EEN vraag en skryf 120 – 150 woorde oor die onderwerp.
Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, bo-aan.

2.1 FORMELE BRIEF

Die Minister van Basiese Onderwys, me. Angie Motshekga, wil hê matriekleerders moet aan haar skryf en sê hoe onderwysers die leerders in Suid-Afrikaanse skole kan dissiplineer.

[Uit: *Image Library*]

Skryf 'n **formele brief** aan die minister waarin jy praktiese idees gee oor hoe onderwysers die leerders in skole kan dissiplineer. Gebruik die volgende adres: Strubenstraat 222, Pretoria, 0001.

Dink aan:

- Hoe die dissipline nou in ons skole is
- Praktiese maniere waarop onderwysers leerders kan dissiplineer
- Redes waarom dissipline in ons skole nodig is

[30]

OF

2.2 DIALOOG

Oupas en oumas vertel graag vir hulle kleinkinders wat reg en verkeerd is in die lewe. Jou ouma het agtergekom dat jy alkoholiese drank begin gebruik en sy het jou teen die gevare van drank gewaarsku.

Skryf die gesprek tussen jou en jou ouma waarin sy jou waarsku teen die gevare van drank, in **dialoogvorm** neer.

BEGIN só:
Ouma: My kind, ek het gister drank by jou geruik.
Ek: ...

[30]

OF

2.3 **HULDEBLYK**

[Uit: *Image Library*]

'n Polisieman wat jy goed geken het, is doodgemaak terwyl hy gevaarlike skelms by julle huis gearresteer het. Hy het sy lewe gewaag om julle te help.

Jy tree as een van die sprekers by sy begrafnis op.

Skryf jou toespraak in die vorm van 'n **huldeblyk**.

Dink aan:

- Die polisieman se goeie eienskappe
- Wat hy vir die gemeenskap beteken het

[30]

OF

2.4 **KOERANTARTIKEL**

[Uit: *Image Library*]

Brandweermanne kry baie min erkenning vir die goeie werk wat hulle doen. In Lewensoriëntering het julle klas die brandweerstasie gaan besoek.

Skryf 'n **koerantartikel** vir julle skoolkoerant waarin jy vertel van julle uitstappie en die wonderlike werk wat brandweermanne elke dag doen.

Gebruik die volgende opskrif vir jou koerantartikel.

Brandweer-manne is ons helde!

Dink aan:

- Wat julle by die brandweerstasie gesien en gehoor het
- Wat die brandweermanne elke dag doen
- Hoekom jy dink dat brandweermanne helde is

[30]

TOTAAL AFDELING B: 30

AFDELING C: NASLAAN-, INFORMATIEWE EN TRANSAKSIONELE TEKSTE

VRAAG 3

Kies EEN vraag en skryf 80 – 100 woorde oor die onderwerp.
Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, bo-aan.

3.1 **DAGBOEKINSKRYWING**

[Uit: *Image Library*]

Ek is mal oor my provinsie!

Jy en 'n vriend/vriendin het die skoolvakansie in julle provinsie rondgery. Julle het die mooiste dorpe, parke, museums, vakansie-oorde, ens. besoek.

Skryf 'n dagboekinskrywing oor TWEE van hierdie plekke wat julle besoek het. Vertel wat julle gesien het en hoe julle gevoel het oor al hierdie mooi dinge in julle provinsie. **[20]**

OF

3.2 **WENKE**

- Jy is genooi vir 'n werksonderhoud.
- Skryf 8 **wenke** neer oor hoe jy sal seker maak dat jy 'n goeie indruk op die mense maak wat jou vir die onderhoud genooi het. Skryf die wenke **puntsgewys** in volsinne neer.

[Uit: *Huisgenoot*, 29 Oktober 2009]

Dink aan:

- Hoe jy vir die onderhoud gaan voorberei
- Wat jy gaan doen as jy by die plek aankom
- Wat jy gedurende die onderhoud gaan doen en sê

[20]

OF

3.3 **UITNODIGING**

Jou skool beplan om Jeugdag (16 Junie) vanjaar op 'n spesiale manier te vier. Jy gaan die buurskool uitnooi om dié dag saam met julle te kom vier.

Stuur 'n uitnodigingskaartjie aan die buurskool se leerderraad en sê hoe hierdie dag by julle skool gevier gaan word.

Dink aan:

- Watter belangrike inligting op die uitnodigingskaartjie moet wees
- Watter spesiale dinge julle op hierdie dag gaan doen
- Wie almal by die Jeugdagviering gaan optree **[20]**

TOTAAL AFDELING C: 20
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou